Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

NUUSBRIEF 15

8 Mei 2017

Geagte Ouers

GRAAD 1 TOELATING 2018
Hoewel ouers vanjaar langer tyd gegun word om dokumentasie by die skool in te handig, wil ons tog ‘n beroep op u doen om dit so gou moontlik in te bring aangesien die skool eers die volgende stap “Online” kan afhandel nadat u dokumente ontvang is.

GRAAD R TOELATING 2018
Die Graad R toelatingsproses bereik nou finaliteit en alle betrokke ouers sal op Dinsdag, 9 Mei 2017 per e-pos in kennis gestel word of die aansoek suksesvol was.

SAKKEPROJEK
Met dank aan elke ouerhuis se positiwiteit en geduld met ons sakkeprojek. Die volgende uitdeel sessie vind op Woensdag, 10 Mei 2017 vanaf 06:30 tot 14:00 plaas. Alle bestellings wat tot op datum ingedien en betaal is, sal sakke ontvang.

FOTO’S
Alle fotogeld moet asseblief voor Woensdag, 17 Mei 2017 by mnr Malan inbetaal wees.

RUGBY
Oefening normale tye. Wedstryde op Donderdag, 11 Mei 2017 by Laerskool Villieria. Spelers sal programme ontvang.

BULLETJIERUGBY
Ons Bulletjies neem Saterdag, 13 Mei 2017 deel by Laerskool Swartkop. Spelers wat deelneem sal ‘n skrywe ontvang.

NETBAL
Die O/10 tot O/13 spanne speel ‘n ligawedstryd teen Laerskool Voorpos tuis. Die dogters ontvang vandag ‘n program.

MINI-NETBAL
Op Saterdag, 13 Mei 2017 speel die O/6 en O/7 dogters by Laerskool Hermanstad. Wedstryde begin om 08:30. Programme sal aan die betrokke dogters gegee word.

REVUE
Beide groepe oefen Saterdag vanaf 08:00 tot 10:30. Die Juniors oefen in die skoolsaal en die seniors in die kerksaal. Dit is baie belangrik dat almal die oefening sal bywoon aangesien ons oudisie op Dinsdag, 16 Mei 2017 plaasvind.

EISTEDDFOD
Die Eisteddfod is om die draai. Dit vind plaas by Laerskool Tygerpoort tydens die week van 22 tot 26 Mei 2017. Graad 3 en 4 neem deel op Maandag, 22 Mei 2017, Graad 1 en 2 op Dinsdag, 23 Mei 2017, Graad 5 en 6 op Woensdag, 24 Mei 2017 en Graad 7 op Donderdag, 25 Mei 2017. Die presiese tyd sal nog hierdie week aan die leerders deurgegee word.

ENTREPRENEURS
Die Grondslagfase kan op Woensdag, 10 Mei 2017 hul besigheidsin ten toon stel deur hulle ware te kom verkoop. Daar is snoepieleiers wat die outjies wat bietjie onseker is, sal bystaan sodat dit nie nodig is vir mamma om deel te neem nie.

PENNESAKKIE/KOMBERSPROJEK
Ons herinner belangstellende ouers en leerders aan ons pennesakkie/kombersprojek. Alle skenkings moet asseblief voor 23 Junie 2017 by me Otten ingehandig word.

PICK ‘n PAY STROKIESPROJEK
Ons rig ‘n nederige versoek dat u asseblief u strokie wat u tydens u aankope by Pick’n Pay Waverley ontvang, weer in die Laerskool Villieria se houer sal gooi. Ons eindig elke jaar in die tweede plek, maar met ‘n reuse poging van ons skool se ouers, familie en vriende kan ons dalk hierdie jaar as die wenners uit die stryd tree.

Villiesgroete

_____
D P HAASBROEK
HOOF